Sommer net ...



## Beelde van 'n kerk

*Theo Pienaar*

Klipkerk,
blouhart uit die klipaard,
hoe hard is jou hart?
en . . . . . . . sag?

baie mense oor honderd jaar en meer
party ver en ander naby aan Godswoord
en Godshart –
mense . . . . . . . gekap
gebeitel
geplaas naas die hoeksteen,
tot diensbaarheid.

Ligkerk,
snags verlig deur kragtige elektriese lampe
soos die ewige dag langs die donker kosmos.

binne jou het die woordlig
bly brand
bly ontleed
bly trek
bly verwarm.

Blomkerk,
waar rose langs groen grasperke
onder energieke hemelson
oopgemaak het,
en gepluk en ingedra is in jou klipruimte,
tot onder die plek waar die evangelielig
geskyn het . . . . . . .
vir kleurige en geurige blomme van die gees.

was die liefde ook altyd vir jou
die grootste en mooiste
en verreweg die beste?

Liedkerk,
hoe sterk was die orreltrillings
deur jou klipmure!
gewyde klanke deur fluit en mond
het wiegend na buite gegaan
oor blom, gras en bome,
en na ’n mens wat verbygaan.

jou lied was dikwels, mooi
maar tog net ’n beskeie klankidee
van die ewige gloria.

jou getroue gebede was sterk,
uitstygend soos die kloktoring
na Gods ewige raad.
of was sommige dalk geveinsde mensetaal?

klipkerk, ligkerk, blomkerk, liedkerk . . . . . . .
op pad na die groot bruilof

wanneer ook hier
geen klip op ’n ander klip
gelaat sal word nie;

wanneer uit jou geskiedenis,
uit die grou papie,
die ewige vlinderbruid
as ware die liggaam Christus

sal verskyn
en onder die son van redding
sal huppel op hemelse klanke;
wat nie moeg of mat sal word nie.

maar uitstyg
bó klip
en swaar
en tydelikheid
tot lewe
en hallelujah
en ewigheid.

*[NG Kerk Lichtenburg Eeufeesjaar 1985]*